**CACHET APTEEK**
Groot genoeg om u te bedien.
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

# die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.

JAARGANG XXX No. 3. VRYDAG 14 MAART 1975

**PUKKE!**
vir al u klerebaadjies
**Johan Claassen Broers**
(Edms.) Bpk.
Tel. 3612,
POTCHEFSTROOM.
Kerkstraat 92.
Tak: Tomstraat 100.

### BESTE BYEENKOMS OOIT

# Rekords spat by dosyne op park

## Piet die beste

Deur Jan van Vuuren

**DIE prestasies van die Puk op verlede jaar se Dalrymple was nie blote geluk nie. Dit het verlede Woensdagaand se byeenkoms op die Park-ovaal beklemtoon toe een Wes-Transvaalse en verskeie Pukrekords verbeter is.**

„Die beste Puk-kampioenskap ooit" was die woorde van 'n verheugde dr. Gert Scholtz aan die einde van die byeenkoms. Uit die prestasies van die atlete is dit duidelik hoekom dr. Scholtz hierdie opmerking kon maak.

**PIET MEYER**

Die beste vertoning van die aand was beslis die poging van Piet Meyer. Skraal soos wat hy is het Piet vir een van die beste prestasies in die stap nommer in Suid-Afrikaanse atletiek gesorg. Hy het nie die S.A. rekord verbeter nie maar sy tyd van 12 min. 28 sek. in die binneland is die vinnigste ooit. Indien hy aan die kus deelneem is die rekord beslis in groot gevaar. Hierdie prestasie het aan Piet die toekenning vir die beste mansatleet op die byeenkoms besorg.

✱ Vervolg op bladsy 5



Dit lyk hier asof Danie Malan, die wenner van die paalspringnommer op die P.U.-Atletiekkampioenskappe, die paal saggies aan die anderkant neersit.

## NUWE S.R.-LID

DONDERDAG, 20 Maart word 'n nuwe S.R.-lid vir die S.S.B. verkies. Die vakature het oopgeval weens Charl van der Merwe se bedanking. Hy het 'n betrekking elders aanvaar en is nie meer op universiteit om sy pligte te vervul nie.

Alle Pukke wat 'n nominasie wil indien, moet dit by die S.R. kantoor inhandig. Nominasievorms sal by die onderskeie koshuise verkrygbaar wees. Die sluitingsdatum vir nominasies is Dinsdag 18 Maart om 7 nm. Die verkiesing op die twintigste Maart sal van 7 vm. tot 7 nm. duur.

**DAGBESTUUR**

Ander wendinge binne S.R. geledere is dat Eric van der Walt verkies is as addisionele lid van die dagbestuur. 'n Nuwe S.S.B. voorsitter moet ook nog verkies word en dieselfde prosedure as bogenoemde moet gevolg word.

**A.D.B.**

Johan Pretorius het ook bedank as voorsitter van die A.D.B. en Tiep van Schaik is nou voorsitter. Dirk Coetzee is die nuwe voorsitter van P.N.B.



... en die Gatland het toe uiteindelik geval. Waar die Gatte ook al versprei mag wees, kan hulle aan 'n groot tyd terugdink.

# Kuns en fiesta op Rau

**VANJAAR se Kuesta van die Afrikaanse Studentebond wat van 27 April tot 2 Mei op die nuwe RAU-kampus gehou word, beloof om iets groots te wees, word uit betroubare bronne verneem.**

Kuesta is die grootste interne projek van die A.S.B. Die woord Kuesta is van twee woorde afgelei, nl. kuns en fiesta.

Die volgende kursusse sal aangebied word:

- **KUNSWAARDERING**—Wat dink jy, weet jy van kuns en al die verwante.
- **Radio en beeldradio** — Tegnieke en metodes.
- **Persoons- en Privaatreg** — Die talle regte en voorregte waarvan mens nie bewus is nie.
- **Sjarme** — Uitsluitlik vir dames — selfvertroue, houding, etiket, modes, haarstylering ens.
- **Fotografie** — Kom leer die ou en nuwe tegnieke.
- **Tennis** — Altyd iets om by te leer.
- **Wapenkunde** — Aangebied deur mense wat daarvan iets weet.
- **Noodhulp** — Kom leer die lewenskus.
- **Kunskeramiek** — Dames — julle wou dit nog altyd doen.
- **Motorwerktuigkunde** — Maak jou eie krok reg.
- **Boogskut** — Alle Tarzans welkom.
- **Duik** — ... onder die bed in wanneer dit nodig mag wees.
- **Karate** — Leer hoe om jou skoonma aan te rand.
- **Krieket** — Leer die wilgerlat swaai.
- **Rugby** — Kom leer die regte haakhou.

Ongelukkig val dié Kuesta nie in ons vakansie nie, maar daar word nou gereël dat Pukke vir een sand saam met die ander Kuestagangers kan deurbring.

—WP

## ...SIEN TOE SY „LAND"

**EEN van die koshuise met die rykste geskiedenis op die Puk, het vroeër vandeesweek finaal sy „land" gesien.**

Gatland, wat in 1930 opgerig is, en wat van die Puk se grootste name gehuisves het, moes vir die tegnologiese ontwikkeling op die Puk terugstaan.

In die Wapad van 8 Julie 1951 word vertel hoe die Gatlanders blykbaar die eerste keer gesamentlik vir 'n foto kon poseer.

„Die inwoners van die donker spelonk, Gathlandia, het op Donderdagaand 29 Mei in hulle duisendtalle opgeruk om gekiek te word. Groot was die teleurstelling toe die fotograaf om agtuur nog nie opgedaag het nie. By 'n nadere ondersoek blyk dit dat die fotograaf eers 'n besoek by Kulu afgelê het en daar vertraag is deur die Evas wat hare gekam, neusies gepoeier en lippies rooigemaak het.

Die Gatte van Gatland het baie tot die Puk se geskiedenis bygedra en mens hoop dat hulle êrens nog as 'n groep onder 'n naam hul invloed sal uitoefen.

## PROF. C. P. BESOEK IRAN

PROF. C. P. VAN DER WALT, direkteur van die Sentrum vir Internasionale Politiek van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., het 'n uitnodiging van die Instituut vir Internasionale Politiek, en Ekonomiese Studie van Iran ontvang om van 25—27 Maart 'n konferensie oor „Die Persiese Golf en die Indiese Oseaan in die wêreldpolitiek" in Teheran by te woon.

**BOEK**

Die Sentrum vir Internasionale Politiek het self verlede jaar 'n reeks voordragte oor die toenemende belangrikheid van die Indiese Oseaan as 'n nuwe front in die internasionale magstryd aangebied. Die referate sal binnekort in boekvorm beskikbaar wees.

BULT-APTEEK

ONS KEN U BENODIGDHEDE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 89B en C Tel. 5943 en 3377
STUDENTE APTEEK

# KARNAVALDOEDIES BLOM VIR KARNAVAL

**VERLEDE week het elke huiskomitee van elke dameskoshuis op die Puk twee mooiste en gaafste meisies in hulle koshuise na die S.R.-kantoor gestuur. Daar het 'n Karnavaldoediekeurkomitee op hulle gewag wat hulle met vrae bestook het oor modes, sedes en studenteraadstrukture.**

Die vier meisies met die interessantste persoonlikhede en mooiste gelaatstrekke is as die Karnavaldoedies van 1975 aangewys.

Hulle is Susan de Bruin, Petro Behr, Linda Conradie en Petro Britz. Hulle was stomgeslaan. In 'n onderhoud met die vier was hulle stralend. Dit is nie werklik nie, het hulle gesê.

**PETRO BEHR**

Later het ek Petro Behr in die biblioteek raakgeloop. Dit was net 'n blote geluk want die mooie meisie is baie bedrywig. Sy vibreer voorwaar van lewe en vrolikheid.

Petro is een-en-twintig jaar oud en swot tans U.O.D. Verlede jaar het sy L.O. as hoofvak gehad — die dat haar bene so mooi is. Gimnastiek is haar lewe en sy hou ook baie van ballet maar verkies Spaanse danse.

Petro het dit teen al die Pukdames wat so passief is. Sy sê as meer asters hulle plek beter volstaan, sal hierdie probleem opgelos word. Die feit dat baie studente nie bewus is van die aksies nie, sien sy as 'n tegnologiese fout in die groot masjien wat altyd voort moet beweeg.

Francois Blignault is die man wat haar so gelukkig hou.

Hierdie meisie wat in Klerksdorp gebore en getoë is, sê dat Karnaval van 1975 die grootste ooit sal wees.

En toe moes sy draf vir haar volgende klas.

**DIE KLEINTJIE**

In Kasteel woon 'n klein, pikante meisie. Haar gesiggie is fyn en die lewe is vir haar 'n intense ondervinding. Sy is lief vir atletiek en speel self tennis en soms muurbal ook. Musiek is 'n essensiële deel van haar lewe, net soos die wolke en bome daar buite.

Sy is Linda Conradie.

Soggens wanneer almal nog slaap, draf sy al met die pad langs tot by Gimmies en terug. (Manne hier is julle kans om te draf-en-leef en nog 'n bonus by te kry.)

Oor 'n beker koffie het ons oor alles gesels wat aktueel is. Sy sê John Vorster is 'n groot staatsman wie se naam nog lank onthou sal word. Sy weet, want dit lyk my sy is nie net mooi nie maar slim ook. Linda swot B.Juris en is 'n tweedejaar. Die tweedejaarsprobleem het sy lekker weggelag. Dit is 'n selfopgelegde probleem, meen sy.

Karnaval is die feestyd op die Puk en sy kan nie wag dat dit Meimaand moet word nie.

**SY IS DINAMIES**

Susan de Bruin sit regoor my. Net soos dit 'n ordentlike dame betaam, sit sy netjies, regop en sjarmant. Sy lyk byderwets ontspanne en mooi soos altyd.

Soe, en kan sy praat. Nie net met haar mond nie maar ook met die hande en oë. Dit is juis in haar oë dat 'n mens kan sien dat sy weet wat sy wil.

Die meisies op die Puk is slordig, sê sy. Hulle is nie werklik vroue nie. Nou praat sy nie van die enkelling wat weet hoe om haarself te versorg nie maar van die massa.

Susan sê dat die Karnavaldoedies Donderdag na Johannesburg toe gaan om hulle klere te gaan koop. Sy sien uit daarna want dit is tog so lekker om te koop en dit nog in Johannesburg.

Susan droom van 'n vakansie met Robert Redford, Franco Nero of Alain Delon. (Wie van ons het nog nooit aan so iets gedink nie?).

Sy swot B.Juris en dink dat prof. Van der Vyfer die beste dosent op die Puk is.

Die eerstejaars van Vergeet-my-nie het my verseker dat sy 'n baie bak huiskomiteelid is en

✱ Vervolg op bladsy 8




Die vier mooiste en gaafste doedies op die Puk glimlag breed. Hulle is Petro Brits (Wag-'n-Bietjie), Petro Behr (Soetdorings), Susan de Bruin (Vergeet-my-nie) en Linda Conradie (Kasteel).

## DIE PUKKE SE MOOI KARNAVALDOEDIES



# Mans word gekoekroller

**GEAGTE REDAKTRISE. — Dit het nou hoog tyd geword dat sekere mans op die Puk direk gekonfronteer moet word. Ek verwys nou na diegene wat steeds vas oortuig daarvan is, dat 'n vrou slegs in die kombuis tuishoort.**

'n Ander groep se denke het al minimaal gevorder tot waar hulle meen dat 'n vrou darem ook miskien 'n onderwyseres kan word. Waag sy dit enigsins om ander professionele aspirasies vorendag te lê, tree sy glo heeltemaal uit haar lewensterrein.

Dit is die twintigste eeu. Hiermee bedoel ek nie dat die permissiewe eeu waarin ons lewe 'n verskoning is vir die vrou wat haar roeping as vrou wil miskyk nie. Die twintigste eeu is egter deurslaggewend wanneer die datum beskou word as 'n klimakspunt in die historiese ontwikkeling van die sosiale, intellektuele en regtelike status van die vrou.

Ongelukkig het Adam nou in sonde geval en daarmee 'n byna absolute proses van korrupsie geïnisieer, waaronder ook die gesagsverhouding tussen man en vrou skade gely het en steeds ly. Baie vereenvoudig gestel is die man besig om sy gesagsposisie in die samelewing te verloor omdat hy nie meer in 'n bevredigende mate aan sy doel as leidende geslag beantwoord nie.

Met die intellektuele opvoeding van die vrou in die afgelope eeu, het hierdie fenomena al meer tot die vrou deurgedring, tesame met die besef dat sy ook intellektuele potensiaal het wat geweldig onderdruk is in die loop van die geskiedenis. Geen wonder dat sy nou verontwaardig is nie!

As Calviniste glo ons aan die raadsplan van God waarvolgens die geskiedenis van Sy Skepping verloop. Ek glo dan ook dat God in Sy Raadsplan ook voorsiening gemaak het vir die emansipasie van die vrou.

Ek is nie 'n voorstaander van die sogenaamde „women's Liberation" nie. Die vrou mag nooit haar identiteit verloor nie wat volgens my mening in hierdie beweging gebeur. Ek bepleit egter vir die erkenning van die vrou in ander rolle as slegs die tradisionele rol van vrou en moeder. Dit is reeds in die praktyk bewys dat die vrou suksesvol op proefessionele gebied kan wees. Moet asseblief dan nie die vrou se talente miskyk nie. Sy is ook verorden om hulle te gebruik. Die Engelse woord „exploit" is hier van deurslaggewende betekenis — „exploit your ta-

✱ Vervolg op bladsy 6

## Asterredaksie

Redaktrise: Herzola de Bee
Assistent: Elmarie Robbertse.



'N ASTER WAT DINK

# Liefdesake op die Puk

VANDEESWEEK het ek my soos 'n wafferse oumatjie op my agterstoep tuisgemaak, my brilletjie vasgeknyp, en tussen die rooi malvas deurgeloer.

Elke aand as die son water trek kom Oneke en Francois van Wyk hand-aan-hand om die draai. Frans van Dyk en Anette van Wyk se oë blink deesdae net vir mekaar.

As ek 'n meisie ver hoor lag weet ek dat dit Johan en Marliza is wat op die swaaie in die park speel. Die twee vriendelikes is Eric en Julieta. Dit lyk my ook die Tiep-Herzola verhouding het in die nuwe jaar baie rustig geword.

Theunis Eloff boer nie in die biblioteek omdat hy mielies daar geplant het nie. Nee, Suzette werk daar met 'n blink ring aan haar vinger. Net gisteraand het ek gehoor hoe Jan en Martie van skoonma's en troukoek praat. Sy het ook 'n skitterring die vakansie bygekry. Sakkie en Cathy is baie gelukkiger as dit. Van Januarie af bly die twee al bymekaar want hulle is mos getroud.

Ben en Susan is ook verloof en kan nie wag dat die groot dag moet aanbreek nie. Baie geluk julle almal wat sulke groot stappe geneem het.

Phillie en Mineke deel nou ook een bankie as dit saans sleeptyd is. Dit is Dawid wat deesdae vir Petro Britz in Wag-'n-Bietjie voordeur. Willie de Bruin is gans te dig oor sy sleepaksies. Hy praat gedurig van 'n door en soms kan hy ure lank Klerksdorp se kant toe staar.

Daar is ook 'n kwota geheim-sinnige oujongkêrels op di studenteraad. Hulle is Paul e George. Japie het oornag i Klawerhof se atletiekaksies be gin belangstel. Nou wonner e miskien klaar die Damesaan hierdie geheim vir ons op, nè Ek sien Cois en Mitzi is oo baie gelukkig deesdae.

Ineke is so fraai, maar slee — die wil sy nie.

Met 'n vrou soos Susan agte die groot indoena kan Mariu nie anders as om gelukkig e spekvet te lyk nie.

Loer gerus maar by die ske we huisie met die frilletjiesgor dyntjies en rooi malvas in a julle weer hierlangs kom.

Ek groet julle.

Dorie Siepensoen.




CACHET MODES

EKSKLUSIEWE EN BYDERWETSE DAMESMODES

Pryse om elke sak te pas.

TOMSTRAAT 94

TEL. 5038

—WP

# FLORNA BYNA IN DIE WIELE GEREËN

**HOE kry jy 50 Pukke in 'n Mini . . . sê jy gaan Florna en sê jy gaan Magaliesberge toe. Weer eens het die liedjie „Florna is nie Florna sonder 'troubles' nie" sy reputasie gestand gedoen nadat 'n halwe wolkbreuk Vrydag die oop "lolly" waarop die Flornariete na die Magaliesberge moes ry, so glad soos 'n paling gemaak het.**

**WOLTEMADE**

Soos Woltemade van ouds het die tegniese departement met 'n toe-vragmotor tot die redding gekom.

Die volgende probleem was sitplek. Sommige het aan die spaarwiel vir halfprys vasgebyt. Maar Peet de Jager en Jan Baard Meyer wat soos vasgehaakte platespelers te kere gegaan het, het die „lolly" toe soos 'n luukse bus gevoel.

**GESING**

By die bestemming aangekom, het die manne vinnig afgepak om die kitare, viole, klaviere en harpe te gryp — en daar was gesing.

Gedurende die eerste nag het twee „spoke" die slapers met vlag (noodsaaklike dienspapier), brandende stompe en messe aangeval.

**KRANS**

Saterdagoggend het die braafste onder die manne ook hul staal getoon. Peet, Dick en Joeb het van 'n 80 voet krans in 'n baie klein poeletjie water geduik.

Saterdagaand het die tradisionele konsert plaasgevind. Van Jan Baard se Vorster-toespraak tot Eddie wat iemand vir die nag gesoek het, was almal nommers van 'n hoë gehalte.

**SLEEPSKOOL**

En later in die aand, toe die sterre blouer geword het, die maan witter en die krieke harder geskree het, het Heide Yssel al haar talente oopgegooi. Uit betroubare bronne word verneem dat Heidi binnekort 'n sleepskool in Karlien gaan open.

**SPOEGBAKKIE**

Die volgende oggend se kerkdiens was ook iets skouspelagtigs. Net jammer die spoeg- en „bubblegum"-bakkie het voor die preekstoel gehang.

Ek kon die mense eet. Al die kolera koffie met die baie kolarieë gaan 'n paar meisies binnekort gewigsprobleme besorg.

**KULU**

Dit was juis ou Vitalstatistix, of Kulu, wat omtrent al die brood verslind het sodat sy later alleen vir 'n groepfoto kon poseer — dan moes mens nog 'n wyehoeklens gebruik het.

**KLEIN JAN**

Nuwe romanse — daar was maar min, behalwe iets wat dalk tussen Klein Jan Foties en Ida kan ontwikkel.

Die Sondagaand het almal met 'n traan in die oog van die Magaliesberge afskeid geneem. Die petrol wat Johan Bestuurder se pa vir die „lolly" geleen het, het die so stralende en moeë Pukke veilig op die plaas gebring.

**DRAKENBERGE**

Aprilmaand vind daar weer 'n lang toer plaas. Dié keer na die Drakensberge. In volgende week se Wapad sal meer besonderhede verstrek word.

## ASPU-kongres

DIE Afrikaanse Studentepersunie hou op 15 Maart sy eerste kongres van die jaar op die Tukkie-kampus.

Die kongres begin om 9 vm. te Huis en Haard.

Sake wat bespreek sal word is nuus vir die Afrikaanse Student, die Afrikaanse Studentebond se eie nussbrief, ontgroeningsmetodes en projekte wat tydens die vorige kongers aan bestuurslede toegeken is.

## *Liberalia vier fees*

EN Dinsdagaand het die Liberaliste van die Puk toe feesge vier. Elf heildronke het die kroon op Liberalia se elfde verjaarsdag gespan.

**FEESTE**

Die manne was vrolik en met die sleep aan die sy was daar gees gevang en fees gevier soos nog nooit in die afgelope elf jaar nie.

Eers het die manne plegtig na hul huispa, prof. Preller, geluister en daarna die druiwe begin pluk.

**LANG GRAS**

Gemaklik en al lê-ende op die lang gras langs die kombuis het die opelug-fliek op 'n koshuislaken daardie ekstra tikkie iets aan die geleentheid gegee.

Die Liberaliste was bly, mens verjaar moes net een keer in 'n jaar.

## Tukkies streng

PRETORIA — Vanaf 1975, met die oog op 1976, mag geen student wat in 'n universiteitsbeheerde koshuis inwoon tot die koshuis toegelaat word in 1976 indien hy 'n studiejaar gesak het nie.

Dit is reeds 'n ou reëling op die Puk.



Florna het verlede naweek weer in die Magaliesberge baljaar. In weerwil van die probleme wat dié vereniging ondervind bly dit nog steeds 'n fees om te gaan Florna.

# Burgers van die berge tjop nie af

**KLUB MONTIUM het toe 'n rasende Tonquani-naweek gehad . . . drie en sewentig (ja!!!) siele het 'n groot fees in die Magaliesberge gehad.**

Van „aftjop" was daar geen sprake nie, want uit die aard van die saak is dit nie juis 'n moeilike toer nie. Máár — meeste van die ouens het geleer dat 'n baie ligte rugsak ná 'n halfuur soos 'n doodskis begin voel, en dat 'n mens se voete selfs op so 'n ligte toer nie sonder blase daarvan afkom nie.

**PROVITAS**

Die ouens het ook nog net heel skrams met die gruwelike tradisie van provitas-kaas-sardiens en sardiens-provitas-kaas kennis gemaak, en darem een oggend „bully beef" met so 'n brandgeurseltjie geniet.

**NUWE „BOOTS"**

Van die ou lede het op hierdie toer nuwe „bootse" ingewy — meestal Kastingers, en daar was ook 'n hele paar nuwe rugsakke. Kosma Cobie het almal op die toer kopseer gegee met haar bloedrooi rugsak en die Kastingers wat nie wou ophou blink nie. Susan Schutte het skoon vergeet dat sy by die groep moet bly soos sy haar vergaap het aan haar nuwe rugsak.

**BINGO**

Toerouers het dié slag uit eie geledere gekom —Bingo en Mariè Kruger. Darem 'n ramp dat 'n mens twee maande na jou troue al met 71 kinders sit! Mariè het heel kwistig tugmaatreëls toegepas — almal met die „billy" oor die kop gedoen. En toerpa het gesorg dat sy kroos Sondag blinkskoon gewas is. Ons verswyg maar sy metodes . . .

**FOSSIEL**

Danie Hugo was die fossiel van die toer — ghitaar en bekfluitjie kompleet. Dis hy wat sorg dat die inlywingsrituele getrou nagekom word — vra maar vir die nuwelinge!

Daar was natuurlik nog ander „ou hande" wat so houtgerus en tradisiegebonde was dat hulle die bus verpas het, en moes „ryloop" tot op Carletonville.

**OUBAAS**

Die tweede dag van die toer is 'n groep onder leiding van Oubaas Pretorius en sy ewige pyp na Tonquanikloof toe om te gaan rotsklim. Die ander het rustig in die Sederbergkloof gekuier en geswem by Helphelp. Watergevegte was aan die orde van die dag.

**SUUR**

Na die provita-kaas-sardiens en 'n verrassing van ingelegde vrugte het die ouens die kloof uitgesweet, en aan die bopunt kerk gehou. Almal was suur toe die mooi kloof opgehou het en ons weer oor graspolle en klippe moes struikel.

**VOORSPOEDIG**

Teen alle tradisie in het Montium 'n naweek gehad sonder reën, verdwaal, 'n bus wat breek, 'n siekeboeg, of enige van die normale „geluk" wat ons altyd te beurt val.

Volgende toer is Aprilmaand Drakensberge toe.

## AANDAG

**AL die redaksielede moet 'n algemene vergadering van die Wapadredaksie op Woensdag 19 Maart by die Studenteraadskantoor bywoon.**

**Redaksielede kan ook voor die tyd met Attie Gerber in Liberalia (tel. 2129) of Jan Habig in Thaba Jäh in verbinding tree.**


# UITSLEEP



**VIR AL U ETES BINNE SLEEPAFSTAND**

EN VIR GESELLIGE VERKEER SAAM MET JOU MEISIE EN VRIENDE

—WP.



**Ons man op die kampus het 'n spesiale aanbod vir jou.**



„Ek nooi u uit om in verband met die Studieleningsplan met my te kom gesels".

ANDRÉ JOUBERT

**Barclays Nasionaal se spesiale studie-leningplan vir studente en gegradueerdes.**

1. **Studielenings:** Tot R3 000: om jou te help om jou studies te voltooi.
2. **MBA-studielenings:** Tot R3 000: vir enige student wat vir 'n MBA-kursus aanvaar is.
3. **Studente:** Tot R300: tydelike finansiering vir onverwagte uitgawe.
4. **Gegradueerdes** R1 000: bystand aan gegradueerdes totdat hulle diens kan aanvaar.
5. **Persoonlike Lenings (Studente):** Tot R3 000: vir studente vir tandheelkunde en ander professionele beroepe om toerusting te kan finansier.
6. **Persoonlike Lenings (Gegradueerdes):** Tot R6 000: om pasgekwalifiseerde prokureurs, advokate ens. met 'n eie praktyk te help.
7. **Spaar- en lopende rekeninge.**

DIE BULT TELEFOON 4241

—WP.

# die WAPAD

## *Uitbuiting*

VERLEDE jaar het die stories kwaai op die kampus rondgeloop dat ons deur sekere sake-ondernemings uitgebuit word. Vanjaar het dié koors toegeneem.

Die stories wat altyd rondloop, bly nie net stories nie. As ons nie iets daaraan gaan doen nie, sal ons na willekeur leeg getap word. As 'n artikel se prys binne twee weke verdubbel het, hoe bring mens dan die kloutjie by die oor.

Dit blyk ook dat dié sake-ondernemings wat juis die naaste aan ons geleë is, die grootste sondaars is. Doen mens 'n vinnige prysvergelyking tussen dié sake-ondernemings en die in die dorp, vind mens té dikwels dat daar iewers 'n geknoeiery is.

Dit wil voorkom asof dié mense dink dat ons oor hulle verleë is. Die ent dorp toe is mos te ver vir die arme goedjies om te loop en vir die wat motors het, skrik die parkeerprobleme hulle weer af.

Maar Pukke is dit so? Gaan ons onsself oorgee aan dit wat na willekeur op ons afgedwing kan word? Ons het een magtige wapen in ons hande, en dit is ons koopkrag. As ons herhaaldelik deur een sake-onderneming uitgebuit word, wat verhoed ons om dié sake-onderneming soos 'n vuis tussen die oë met ons koopkrag te slaan.

Die Wapadredaksie is nou besig om presies uit te vind hoe sterk ons koopkrag is.

Dit het ook tyd geword dat sommige sake-ondernemings ons na waarde takseer. Ons is volwassenes, hier is van ons wat al getroud is en kinders het.

Elke Puk word gevra dat hy sy wettige klagte teenoor die Wapad moet kom lug. Die redaksie is bereid om dit te enige tyd te ondersoek.

## *Groet*

WAT is aangenamer om iemand te groet en vriendelik gegroet te word.

Maar vir so baie Pukke is dit 'n kruis. En hier is die asters die groot sondebokke. Liewe meisie, as 'n man jou in die duikweg groet beteken dit nie dat hy met jou wil trou nie. Jou sleep groet ook ander meisies.

Die mans is ook nie engeltjies — mens wonder of dit in die moderne tydsgees benede die waardigheid van 'n eerstejaar is om 'n vreemde senior te groet soos hy dit behoort te doen.

Die Wapadredaksie gaan nog eendag met kameras inspring en die Pukverkeer op die kampus op beeld vaslê. Dit sal dan in die Wapad gepubliseer word.

## Nou tyd vir 'n VSR op Puk



deur my lens

**SEDÉRT ons laas met mekaar in verbinding was, het ek gelukkig daarin geslaag om tussen die stofwolke 'n verblydende ligstraaltjie te bespeur.**

DASDRA

Was ek nie aangenaam verras toe ek die „vyfminute" oor dasdra van Korps onder oë gehad het nie. Vyfminute was in die geval te kort gewees omdat dit 'n vraagstuk is wat myns insiens veel langer die tyd van alle manstudente in beslag kan neem. Kom manne, is dit nie genoegsame motivering om die wurgende situasie te verlig nie! Spring aan die werk en ek glo klasdraf gaan veel aangenamer wees. Geluk aan die skrywer wat daarin geslaag het om in minder as vyfminute die saak só pertinent onder almal se aandag te bring.

GOEIE GEES

Ek wil nie te gou reageer nie, maar dit wil blyk asof die Puk-massa tot dusver 'n goeie gees openbaar.

As ons alle aksies so geesdriftig ondersteun soos die atletiekkampioenskappe gaan dinge klopdisselboom verloop. Dit lyk ook vir my asof die moeite wat die komitee van Cinepuk gedoen het, nie verniet was nie. Ek dink „The day of the Jackal" het die ys gebreek. Ondersteun jul eie „teater" wat beslis elke student se sak pas.

KIESSTELSEL

Nou wil ek myself verstout deur 'n klip in die bos te gooi. Het die nie tyd geword dat ons die bestaande kiesstelsel van die studenteraad onder oë moet neem nie? Gesien in die lig van die steeds toenemende studentegetal, het ek myself die vraag afgevra of die huidige stelsel werklik in sy doel dien. Waarom nie die stelsel van hoofliggame behou en die studenteraad op verteenwoordigende basis verkies nie. Die sewe hoofliggame bly dus so funksioneer maar met die wysiging dat enige ingeskrewe student homself as kandidaat vir 'n hoofliggaam beskikbaar kan stel. Gaan dit nie meer verteenwoordigend wees nie?

MASSAVERGADERINGS

Ten slotte wil ek 'n teer puntjie aanraak. Volgens 'n verslag wat op 24 Februarie 1975 deur die studenteraad aanvaar is, word daar weggedoen met die vaste aanbieding van massavergaderings. Dit bring mee dat massavergaderings in die toekoms slegs op ad hoc-basis aangebied word. Dus: wanneer daar werklik behoefte daartoe bestaan, byvoorbeeld met Karnaval en Intervarsity. Voel u geagte leser nie ook dat so 'n besluit 'n growwe skending van ons demokratiese regte is nie?

## IN U LIG

**PS. 25 : 16. „ . . . want ek is eensaam . . ."**

Eensaamheid! 'n Soet woord, maar in sy diepste ook 'n bitter woord. As ons die kruiswoorde van Jesus Christus lees: „My God, my God, waarom het U my verlaat . . .?", dan besef ons dat dit helle-eensaamheid is.

Deur die sonde is die band met God verbreek, ons is eensaam: Die soete klanke breek egter deur as God in sy ontfermende genade die God-verlore mense weer gevind het in sy verlore eensaamheid. Dan jubel ons: „ . . . dan ken my hart geen doodsvrees of verskrikking. U stok en staf my troos en verkwikking."

# Nusas: 'n omstrede geskiedenis

**DIE Nasionale Unie vir Suid-Afrikaanse Studente is in 1924 deur die bekende Leo Marquard gestig, wat ook die eerste president van die Unie was. Sy doelstelling met die stigting was om in die belang van studente-belange op te tree en om die Suid-Afrikaanse studente te motiveer om meer in die nasionale en internasionale politiek belang te stel.**

Nusas se geskiedenis kan in 'n paar fases ingedeel word.

**OOK DIE PUK**

Die eerste fase (1924 tot 1933). Tydens hierdie fase het Nusas werklik al die studente in Suid-Afrika verteenwoordig — ook die Puk. Die gevolg was dat Nusas sy beleid en die toepassing daarvan vinnig kon deurvoer.

**SKEURING**

Maar in 1933 het daar 'n groot skeuring plaasgevind. In 1933 was die Universiteitskollege van Fort Hare (vir nie-blankes) tot die Unie toegelaat. Onmiddellik het die Puk, Kovsies en Tukkies as lede bedank. Die Maties het geweier om te bedank en het 'n mosie van misnoeë in die uitlopers ingestel.

**SKEIDING**

In 1933 het die tweede fase begin. Die skeiding tussen die Afrikaanse en Engelssprekende studente in Suid-Afrika het ook al hoe duideliker geword. Die Engelssprekende studente het die Afrikaners daarvan beskuldig dat hulle hul kultuur en aspirasies bo 'n verenigde Suid-Afrika stel.

Die Tweede Wêreldoorlog het die kloof tussen die Afrikaners en die Engelse nog wyer gemaak en dit het tot die studente deurgewerk.

**1945**

1945 was die keerpunt vir Nusas. Op hierdie tydstip is Nusas se beleid al vasgelê soos ons dit nou ken. In 1945 is Fort Hare ook as 'n volwaardige lid toegelaat.

Die derde fase (1945—1956). Tydens hierdie fase het Nusas prominent geword. Sterk standpunt was teen die Regering se beleid en 'n doelbewuste strewe na die politieke verandering in Suid-Afrika het Nusas se werksaamhede gekenmerk.

**BEWINDSOORNAME**

Dit was veral met die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948 dat Nusas baie uitgesproke geraak het. Nusas wou ook veral die Afrikaner Nasionalisme ondermyn het.

In 1956 het Nusas vir die eerste keer amptelik in die openbaar sy stem laat hoor toe 'n brief aan die Minister van Nasionale Opvoeding gestuur was uit protes teen die apartheidsbeleid in die algemeen en daar was aangedring dat studente op grond van akademiese meriete tot die universiteite in Suid-Afrika toegelaat word.

Nusas het dus 'n sterk standpunt teen akademiese apartheid ingeneem.

**AKADEMIE**

Namate die onderwyswetgewing van die Nasionale Party tussen 1956 en 1963 van krag geword het, het Nusas uiters uitgesproke geraak en algemene bekendheid en berugtheid verwerf. Die spil waarom Nusas se beleid gedraai het, was steeds akademiese vryheid en gelykheid.

Gedurende dié tydperk het 'n radikale ondergrondse beweging van Nusas ook met sy bedrywighede begin. Dié beweging het in 1963 doodgeloop.

**KOMMISSIES**

Die jongste fase in Nusas se geskiedenis het so pas met die Schlebusch-kommissie en die Van Wyk de Vries-kommissie begin.

## AFRIKAANS

**DIE parkeerplek tussen Karlien en Vergeet-my-nie is onlangs vir parkering gesluit. Dit is alles goed en wel, maar die „No P" of No Parking op die kampus van 'n Universiteit wat uiteraard Afrikaans is, klink baie snaaks. Daar is tog immers Afrikaanse parkeer- en padtekens. Hoekom kan hulle nie gebruik word nie, of verleen die No P daardie ekstra tikkie iets aan die situasie?**

# Onrealisties te min begroot

GEAGTE REDAKTEUR — Net 'n paar opmerkings n.a.v. die berig „Baie begroot te veel" (Die Wapad, 28 Februarie 1975). Daar word beweer dat ook PROMPU te veel begroot het: R8 140 is aangevra en R650 is toegestaan.

Eerstens is al die verenigings op die Puk by die S.R. gepatroneer. Dit beteken o.a. dat die S.R. ten volle insae in die begrotings van verenigings moet kry. Ten tye van die begroting was PROMPU deeglik bewus daarvan dat die S.R. *soos dit tans begrotings toestaan*, onmoontlik die volle bedrag aan PROMPU sou kon toestaan. As die projekte wat PROMPU beplan egter soveel kos, moet PROMPU self sorg dat hy geld op ander maniere verkry. Tans is ons besig om dit te ondersoek.

Tweedens is PROMPU se begroting wel onrealisties as 'n mens begrotings van ander soortgelyke organisasies op ander kampusse vergelyk.

USKOR (by Maties) se begroting beloop bv. R60 000; WITSCO (by Wits) begroot oor die R70 000 jaarliks en SHAWCO (by Ikeys) oor die R100 000. Dit is myns insiens nie vir die Puk 'n groot kompliment dat ons so ver agter staan nie.

Ons roem daarop dat ons 'n Christelike Universiteit is. Moet ander universiteite wat nie op dieselfde grondslag as ons staan nie, ons dan wys wat is naasteliefde en barmhartigheidsdiens.

Hulle projekte mag (L.W. ek sê *mag*) op valse grondslae gebaseer wees. Moet ons projek wat op die liefde van God in Christus gebaseer is, deur hulle die loef afgesteek word?

Geagte Redakteur, vir die werk wat PROMPU moontlik kan doen (en wel eintlik behoort te doen bv. die bou van 'n tennisbaan of swembad), hét ons onrealisties te min begroot. — Gert Kruger, voorsitter van PROMPU.

*(Mnr. Kruger, ons waardeer u brief en wil u daarvoor bedank. Dit is egter geen bewering dat u te veel begroot het nie, dit is 'n voldonge feit.*

*Dat u 'n goeie saak dien, is nie te betwyfel nie, maar om begrotings van ander verenigings van die Suid-Afrikaanse universiteite met die Puk s'n te vergelyk, is myns insiens onlogies. Mens kan nie die kleinhandelaar se pryse op 'n gelyke vlak met die van 'n kettingwinkel vergelyk nie.*

*Die Studenteraad het net R46 100 begroot om onder die menigte verenigings te verdeel.*

*Ons besef dat Prompu Christelike naastediens verrig, en daarom is ook die Wapad te enige tyd tot u beskikking om publisiteit en reklame aan u saak te verleen. — Redakteur.)*


## WAPADREDAKSIE

**Hoofredakteur:** Attie Gerber (Liberalia, 2129)
**Assistent-redakteur:** Jan Habig (Thaba-Jäh, 2024)
**Nuusredakteur:** Constant Smit.
**Assistent-nuusredakteur:** Johan Pieterse.
**Nuusredaktrise:**
**Nuusmedewerkers:** C. M. Moolman, M. M. le Roux (mej.), M. J. Fourie, Pieter Louw, Marliza Kunitz, Mietsie Buys. (Nog aansoeke word ingewag.)
**Hoofsubredakteur:** Dolf Els.
**Subredakteurs:** Nic Kruger, Dia van der Walt, Tony Sampson, Dalene Delport, Rita Diederichs, Monica Dollenberg, Erica Dollenberg, Salome Jacobs, Elsa Kruger.
**Aster-redaktrise:** Herzola de Beer (Vergeet-my-nie, 5211).
**Assistent:** Emily Robbertse (Oosterhof, 2039).
**Medewerkers:** Linda Jonker, Trix van der Lecq, Anneli [illegible]t-gieter.
**Kunsredakteur:** Sam Basch (Liberalia, 2129).
**Kunsredaktrise:** Jelleke Wierenga (Karlien, 3214).
**Medewerkers:** Pennie Krog, Susan Kempff, Crystelle Smuts, Allen Olivier, André de Klerk, Liesel Meyer.
**Koshuisredaktrise:** Thelma Clegg (Karlien, 3214).
**Koshuisredakteur:** Neels Havenga.
**Medewerkers:** Susan Kruger, Maxie Jacobs, F. Roux (mej.).
**Sportredakteur:** Jan van Vuuren.
**Assistent:** Urban Badenhorst.
**Medewerkers:** (Aansoeke word ingewag).
**P.N.B.-redakteur:** Tiep van Schaik.
**A.B.K.K.-redakteur:** Vakant.
**K.V.V.-redakteur:** Ben Cloete.
**S.A.B.-redakteur:** Jan van Niekerk.
**S.S.B.-redakteur:** vakant.
**A.D.B.-redakteur:** vakant.
**A.O.B.-redakteur:** vakant.
**Skakelbeamptes:** M. J. Fourie, D. van Loggerenberg.
**Fotoredakteur:** Kobus du Plessis.
**Fotograwe:** (Aansoeke word ingewag).
**Sekretaresse:** vakant.

# Landspolitiek en die akademie — STRAUSS VAN DIE A.S.B.

**IN 'n beleidsverklaring oor die huidige politieke situasie sê die A.S.B. dat die student huidige politieke probleme alleenlik vanuit 'n akademiese oogpunt kan benader. Hierdie benadering hou die grootste belofte vir sukses in omdat dit losstaande is van die partypolitiek en politieke druk.**

Volgens Piet Strauss, president van die A.S.B., kan dit nie ontken word dat 'n gees van verwagting ons landspolitiek kenmerk nie. Hierdie feit word onderstreep deur politieke debatteerders wat ons huidige ontwikkelingsfase as 'n tussenfase beskou.

BETROKKE

Ook die Afrikaanse student is betrokke by die huidige situasie. Botsende standpunte oor verandering, diskriminasie, ontspanningspolitiek en beleidsontplooiing is sy daaglikse deel. Hierdie omstandighede stel 'n uitdaging aan die student as student.

Dit gee ook belangrikheid aan die tweede tussentydse verslag van die Van Wyk de Vries-kommissie waar dit toegespits is op die afgrensing van die terrein van studentepolitiek. Hierdie verslag, asook die lewendige gesprek tans op ons Engelstalige kampusse daaroor maak 'n beleidsstandpunt van die A.S.B. tydig en sinvol.

KEUSE

In sy betrokkenheid by die Suid-Afrika van môre kan die student een van twee moontlikhede kies. Hy kan kies om akademiese vryheid wyer as die universiteit te rek. Soos soms met Nusas die geval is, kan hy studentepolitiek as gewettigde buiteparlementêre aktivistiese politiek beskou. Die kanse op sukses hierin is egter skraal. Normaalweg besit studenteorganisasies en studente hoegenaamd nie 'n kompeteerbare wetgewende en uitvoerende mag teenoor die parlement nie.

Omdat studentepolitiek en die universiteit prakties van die akademiese uitgaan, is sy middele hiervoor te beperk. Aktiewe politiek staan totaal vreemd teenoor die posisie van die student as student. Dit is in beginsel 'n ander terrein van aksie vir die student.

BENADER

Die A.S.B. poog steeds om landspolitiek, deur die tweede en korrekte uitdaging, nl. op akademiese wyse te benader. Ook die laboratoriumpolitiek is warm. Ook dit ontleed sake van die dag.

Dit staan los van partypolitiek, los van politieke druk. Dit maak onderlinge studentegesprek en -kontak, ook verskille moontlik. Die laboratorium is die werkterrein, die eksperiment, die studenteaksie.

Die Afrikanerstudent in die A.S.B. sien sy akademiese vryheid hiermee binne akademiese grense. Studentepolitiek, soos gestel in die verslag van die kommissie, is inderdaad politiek van die student as student, nie as lid van 'n politieke party of drukgroep nie.

# Besembos: Frans en redaksie wil nog verbeter

**VANJAAR word weer eens 'n groot „Besembos" beoog. Ons wil baie graag probeer om alle vorige rekords te oortref.**

Verlede jaar se „Besembos" het nou wel in sekere opsigte nie so goed gevaar nie, maar het tog 'n koers ingeslaan wat nog baie goed belowe. Met die „Besembos" van 1975 wil ons dan ook hierdie ingeslane koers hou, en iets aan die Pukke lewer wat hulle altyd sal onthou en as 'n kosbare herinnering sal saamdra in hulle verdere lewe.

Om hierdie doel te kan verwesenlik is daar egter 'n baie goeie redaksie voor nodig. Persone wat belangstel om op die redaksie te dien, kan met die redakteur, Frans van Dyk skakel by die S.R.-kantoor, of 'n briefie in Bussie Nr. 9 by die S.R.-kantoor plaas voor Woensdag 19 Maart 1975.

Aansoeke vir die volgende poste op die redaksie word ingewag:

Redakteur Korps Veritas Vincet.

Redakteur Polities Nasionale Bestuur.

Redakteur Sentraal Akademiese Bestuur.

Redakteur Sentral Sportbestuur.

Redakteur Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur.

Redakteur Algemene Diensbestuur.

Redakteur Algemene Ontspanningsbestuur.

Sekretaresse.

Persone wat belangstel het geen kwalifikasies nodig nie; hulle moet net geesdriftig wees om die werk te doen en belangstel in die aktiwiteite van die betrokke pos waarvoor hulle aansoek doen.

Alle kandidate sal oorweeg word en die suksesvolle kandidate sal later in kennis gestel word.



Ongelukke was daar ook baie. Hier sit 'n deelnemer van die P.U.-Atletiekkampioenskappe op die dwarslat.

# *Koshuislyne maar slap*

Deur Bertie du Plessis

**DIE P.U. Varswaterhengelklub soek na koshuisverteenwoordigers. Ten spyte van die swak bywoning van die ledevergadering is daar voortgegaan met die klubkompetisie van 15 Maart by Boskopdam.**

Indien daar nog koshuise is wat nie verteenwoordig is nie, moet hulle asseblief so gou as moontlik met mnr. Eddie Erasmus by die Uitsleep in verbinding tree vir verdere inligting.

Dit is werklik betreurenswaardig dat só min Pukke daarin belang stel om aktief — as klublede — by die hengelsport betrek te word. Hengelaars — en daarby bedoel ek ook die „visvangers" wat 'n paar keer per jaar net vir die „sports" gaan lyn natmaak — moet besef dat daar meer op die spel is as die blote sensasie om iets aan die lyn te hê.

Hengel is 'n sportsoort wat die grootste potensiële aantal lede van alle sportsoorte het. Die vraag is egter net dit: is ek nie dalk te belangeloos om die bietjie moeite te doen om by 'n klub aan te sluit nie?

Besef ek dalk nie dat hengel een van die dae net deur volwaardige klublede beoefen sal kan word nie? Weet ek dat ons hengeloorde een vir een aan klubs toegesê word en dat die toekoms vir die „onbetrokke" hengelaar maar duister is?

Nee wat, hengelvriende, doen die moeite en sluit by 'n klub aan. Myns insiens is dit hoog tyd dat hengel as georganiseerde sportsoort, meer aandag van owerheidsweë ontvang. Slegs deur georganiseerde optrede kan probleme soos besoedeling en die uitroei van skaars vissoorte (soos die grootbekgele) bekamp word.

Dit is nou lank genoeg dat elkeen, op sy eie, ontoereikende geriewe, oorbevolkte hengelwaters en grimmige grondeienaars gelate moet aanvaar. Ek doen dus 'n beroep op elke hengelaar op die Puk om by die plaaslike klub aan te sluit. Só kan ons 'n krag word in Wes-Transvaalse hengelkringe.

Die Departement van Sport en Ontspanning het in samewerking met die S.A. Hengelunie besluit om verskillende hengeloorde te ontwikkel. Die resultate van hierdie besluit kan alreeds gesien word by Roodeplaatdam naby Pretoria, waar verskillende areas afgebaken is vir hengel, seilbote, ski, ens. So 'n reëling verbeter die verhouding tussen booteienaar en hengelaar en dra by tot die uitbouing van die sportsoort in die algemeen. Boskopdam gaan binnekort ontwikkel word as nasionale hengelwaters van Wes-Transvaal. Net klublede sal dan toegelaat word om daar te hengel. Hoe lyk dit, voornemende klublede?

## Rekords spat

★ Vervolg van bladsy 1

RUANDA

Ruanda Jacobs het die toekenning van die vroueatleet van die byeenkoms gekry. Sy het die ou Puk rekord in die 200 meter verpletter en die rekord in die 100 meter geewenaar. Sy is seker die grootste vroue atleet wat die Puk nog opgelewer het.

POLLIE

Pollie Massyn is ook beloon vir sy twee rekords in die junior naellope vir mans. In beide nommers het hy vir nuwe rekords gesorg. Hy is aangewys as die beste junior op die byeenkoms.

BORG

'n Sepsiale woord van dank moet gerig word aan Johan Claassen Broers. In hierdie tyd wat atlete geldelik so wurg om kop bo water te hou het hulle besluit om die byeenkoms te borg. Dit is die eerste Puk kampioenskappe wat geborg is.

# *NEE VIR GEMENGDE SPORT*

**OP 'n Sentrale Studenteraadsvergadering wat verlede week op Tukkies gehou is, het die SSR van Tukkies die Binnemuurse Studenteraad se omstrede Intervarsity-besluit, heeltemal omver gewerp.**

Die volgende mosie is met 'n meerderheid van stemme aanvaar:

Dat die Binnemuurse sowel as die Buitemuurse Studenterade van mening is dat intervolkere en menslike verhoudings bevorder word deur hul standpunte in verband met gemengde Intervarsity. Die SSR het daarom besluit.

Dat die hervatting van onderhandelings met Wits oor Intervarsity alleen kan geskied op voorwaarde dat:

Daar geen gemengde sportspanne sal wees nie; daar geen gemengde verteenwoordigende toeskouergroepe op die pawiljoen sal wees nie; daar geen gemengde onthale na die afloop van Intervarsity sal wees nie.

Op 12 September 1974 het die Binnemuurse Studenteraad 'n mosie aanvaar wat kortliks neerkom dat Intervarsity slegs met Wits hervat sal word as daar afsonderlike geriewe vir Blanke en Swart studente sal wees.




Party Tukkies met plakkate het selfs ten gunste van die Intervarsity betoog.

# Nobelpryswenner besoek P.U.

**PROF. ULF S. VON EULER, tans emeritus professor in Fisiologie aan die Karolinska Instituut in Stockholm, Swede, besoek die P.U. vir C.H.O. vandag, waar hy onder meer met proff. Offermeier en Pretorius, onderskeidelik van die departemente Farmakologie en Fisiologie, samesprekings sal voer.**

Om 14h30 lewer prof. Von Euler 'n voordrag oor „Recent Aspects of Adrenergic Neurotransmission". Belangstellende lede van die publiek is welkom om die lesing by te woon.

NOBELPRYS

Prof. Von Euler, wat die Republiek besoek op uitnodiging van die Mediese Navorsingsraad, het in 1970 die Nobelprys vir Fisiologie en Geneeskunde gewen vir sy bydrae tot neuro-fisiologie op die senuweestelsel. Hy is ook die ontdekker van Prostaglandiene, 'n groep hormoonagtige stowwe in die liggaam.

VADER

Die vader van prof. Von Euler was 'n vooraanstaande wetenskaplike, wat in 1929 die Nobelprys vir Chemie verower het.



Jamie Uys, bekende rolprentmaker, tydens die uitstalling van Fleur Ferri.



...as voorsitter van A.D.B. bedank, Johan Pretorius.

Sanyo, Solid State Stereo Draaitafel (Model G 2517) met twee luidsprekers, plus oorfone. R86,00 — 15% kontant. Kontak: Marius Potgieter, Liberalia.



Tiep van Schalk, nuwe voorsitter van A.D.B.

# THALIA VOER RILLER OP

Jan A. Meyer

**DIE Thalia-toneelvereniging se planne vir vanjaar verloop tot dusver baie goed. Volgens hulle voorsitter, mnr. Cassie Kempff, het die keuring vir nuwe spelers en tegnici op 3 en 4 Maart plaasgevind en was die belangstelling onder die Pukke soos nog selde tevore met oorgenoeg talent om van te kies en te keur.**

„Die jaar 1975 is vir Thalia 'n groot uitdaging aangesien ons vir die eerste keer in 'n lang tyd 'n riller opvoer", het mnr. Kempff gesê.

Die groep gaan in die jaar 'n stuk van Dirk de Villiers opvoer, getitel „My broer se bril" onder regie van mnr. Aldo Behrens wat van 1 April 1975 aangestel is as dosent by die Departement Spraakleer en Drama. Mej. Liesbeth Schoeman, dosente van dieselfde departement, sal as assistent-regisseuse optree.

Mnr. Behrens was voorheen voorsitter van Volksteater in Pretoria en het al diep spore in die toneelwêreld getrap. Hy en sy aanvallige vrou het spesiaal vanaf Pretoria gereis om spelers te keur vir Thalia '75. Voor die keuring 'n aanvang geneem het, het die bestuur hom en sy vrou op 'n ete onthaal waartydens hulle die planne vir die jaar bespreek het.

Die bestuur van Thalia het ietwat verander wat organisasie betref en die volgende poste val nou hieronder: Voorsitter — Cassie Kempff; Ondervoorsitter — Jan Meyer; sekretaresse — Magda Bothma; Penningmeester — Gys Liebenberg; Tegniese Organiseerder — Frans Meyer. Behalwe die bogenoemde poste sal daar ook 'n reklamekomitee uit lede saamgestel word.

Die volgende toer van Thalia '75 sal gedurende die Julievakansie geskied en sluit optredes op dorpe in Oos-Transvaal, Natal en die Noord- en Suidkus van Natal in.

# Bloed-en-sweet

Jelleke Wierenga

**IS JOU geraamte in die kas 'n gediggie of twee weggesteek onder die woordeboek op jou rak? Bring dit na die Skrywerskring.**

Die Skrywerskring het Donderdagaand 6 Maart 'n lewendige en interessante openingsvergadering gehad. Die gedigte wat bespreek is, het almal 'n stewige standaard gehandhaaf. Skrywers wat dit so verkies, bly anoniem. Dit is dikwels die geval by 'n kritiese, indringende en soms taamlik ongunstige bespreking! Maar wat, ons troos ons daaraan, N. P. van Wyk Louw sou hom nie so maklik laat afskrik nie.

Martin Dempsey, die voorsitter, stel 'n interessante program in die vooruitsig, onder meer 'n inter-Skrywerskring met Kovsies. Indien die geleentheid hom voordoen, sal een van die jonger digters die Kring kom toespreek.

Alle Pukke met 'n gevoelentheid vir die estetiese en die hoër dinge in die lewe (soos hulle in die Sonskynhoekie sou sê) word genooi om hul konfrontasies op papier in bussie 24 te gooi. Dit is 'n rare kuns om met 'n pokergesig jou eie bloed-en-sweet-kind te bespreek. Maar dis die moeite werd om aan te leer.

## afskeid

die wette van newton
hang swaar
om
sy nek

—

o God!
ek kunsmis my druppels
triomf
in die sout wete

—

dat ek sleeptyd
hom
weer sien

— Anoniem

## spoortjies

soos spoortjies
van 'n duisendpoot
wat reën voorspel
waar dorheid was
het jy oor my gekielieloop
maar toe ek jou
die merkies wys
het jy gekyk —
gekyk
omgedraai
en uitgeloop
— Anoniem van Skrywerskring



...om Boetie-Jan Coetzee oorhandig hier die R.D.B.-beker aan ...ets Swanepoel van die Puk se Volkspelelaer. Mnr. Coetzee is die oudste volkspeler in Suid-Afrika.

# Neefs en Niggies

...IE Volkspelers het op Woens...g 5 Maart 'n suksesvolle kenmekaarbraai by die dam gehou.

By hierdie aksie het 'n groot gebeurtenis in die lewe van die laer gebeur. Mnr. Coetzee, beter bekend as Oom Boetie Jan het die R.D.B.-beker aan die P.U.-laer oorhandig.

OUDSTE VOLKSPELER

Mnr. Coetzee is die oudste Volkspeler in Suid-Afrika en het die beker ter bevordering van Volkspele geskenk. Die bestuur het besluit om die R.D.B.-beker jaarliks aan die verkose „Neef en Niggie" te gee.

Die beskermheer mnr. Jannie Schutte was ook teenwoordig.

TOER

Laastens wil ons ook bekend maak dat ons die April-vakansie na Noord-Transvaal toer en dit gaan 'n groot fees wees.

## BELANGRIK

**ALLE korrespondente van die Kunsblad moet daarop let dat ons 'n baie kort vergadering op Maandag 17 Maart om 7.30 nm. in Karlien se sitkamer hou. Die vergadering sal nie langer as 'n halfuur duur nie — ons moet 'n baie belangrike saak afhandel. Mnr. Attie Gerber, hoofredakteur van die Wapad, en mnr. Pieter Kotze word vriendelik uitgenooi om die vergadering by te woon. — Kunsred.**



Die Duitse Studentekoor Studentischer Madrigalchor van Münster, Wes-Duitsland, besig om te oefen. Die koor word afgerig deur Herma Kramm.

# Duitse studentekoor

Deur Anita Moolman

'N DUITSE studentekoor van uit Münster besoek die Puk vanaf 18 tot 21 Maart. Die Studentischer Madrigalchor staan onder leiding van Herma Kramm.

Die groep van 21 mans en 25 dames sal op die kampus tussen u beweeg. Elke student sal 'n begeleier of leidster ontvang wie se taak dit sal wees om die besoekers tuis te laat voel. Hulle sal in koshuise tuisgaan. Uitstappies word beplan asook 'n vleisbraai. Donderdagaand, 20 Maart sal hulle die Sêr-kompetisie bywoon.

Woensdag 19 Maart tree hulle op in die Totiussaal. Dit beloof om 'n interessante program te wees en u kan dit gerus ondersteun. Toegang is baie billik.

Dit is ons taak om hulle tuis te laat voel.

## CINEPUK

TOTIUSSAAL
P.U. vir C.H.O.

Vry. 14 Maart The Chace
Woens. 19 Maart „Cartoon"-aand
Vry. 21 Maart Play Misty for me
Sat. 22 Maart Joe Kidd
Maan. 24 Maart Cromwell
Dins. 25 Maart People Next Door

Enige verandering in die program sal op hierdie blad aangekondig word.

# THE CHASE

**THE CHASE is 'n humoristiese storie met 'n ernstige lessie aan die einde — misdaad betaal nie.**

Die beroemde aktrise, Mylene Demongeot, besluit om haar multi-miljoen blou diamant te dra op 'n okkasie ter ere van haarself.

Richard (Frank Fernandel), 'n teëldekker wat haar villa se dak opknap, kom daarvan te hore en besluit dis net die ding vir sy duur, beeldskone minnares, Josette (Dany Saval).

Hy word egter deur die polisie betrap en versteek homself in 'n musiekwinkel. Hier steek hy die diamant in 'n kitaar weg. Groot is Josette se ontnugtering toe sy die volgende oggend verneem dat die gesogte Elvis Presley-kitaar reeds aan vyf beroemde vermaaklikheidskunstenaars verkoop is.

Richard word intussen deur Mylene se oulike diensmeisie oorreed om sy bose weë te laat vaar en haar te help om die diamant vir Mylene op te spoor. Josette is egter nie so ingenome met die plan nie en roep die hulp van haar vriendin Vonny (Dominique Boschero) in.

Die „chase" het begin.

In 'n reeks opwindende, lagwekkende en spannende tonele probeer die twee pare mekaar voorspring om eerste die diamant in die hande te kry.

Onnodig om te sê dat die diamant op die ou einde in die regte hande val. Richard en Gisele, die oulike diensmeisie, besluit om ewe oudmodies die trouklokkies te laat lui, terwyl Josette, so in die agtergrond, besluit dat misdaad maar net nie betaal nie. En so — eind goed alles goed.




# Sleepuurkonsert

DIE Musiekvereniging beoog om hierdie jaar by te dra tot beter skakeling tussen die musiekstudente en die res van die kampus. Hiermee wil ons almal wat in musiek belangstel uitnooi om deel te hê in dit wat ons beoog om in die loop van die jaar aan te bied.

Lidmaatskap aan die Musiekvereniging is oop vir enige PUK-student. Lidmaatskapgeld bedra 'n bedrag van R1 per jaar. 'n Voordeel van lidmaatskap is onder meer dat afslag op vervoer na uitvoerings in Johannesburg aan lede toegestaan word.

Verder beoog die Vereniging om deur die aanbieding van Musica-Practicakonserte 'n groter geleentheid tot openbare optrede aan die Musiekstudente te bied, en ook die werk wat by die Konservatorium gedoen word aan die breër studentemassa bekend te stel.

Daar word beplan om gereeld gedurende sleeptyd 'n „Sleepuurkonsert" in die Totiussaal aan te bied, bestaande uit 'n halfuurlange program van „Klasieke-luistergenot".

Ten slotte kan die onderwerpe van programvergaderings ook gemeld word:

17 Maart: Mnr. Johan Snyman oor „Musiek as Christelike Wetenskap",

8 Mei: Dr. H. P. A. Coetzee oor „Die nuwe Psalm-melodieë".

Enigiemand wat belang stel om aan te sluit, of wat verdere inligting verlang, kan net 'n briefie in die posbus by die S.R.-kantoor gooi.

## GEKOEKROLLER ...

★ Vervolg van bladsy 2

lents".

Moet my asseblief nie verkeerd opneem nie. Ek lewer nie kritiek op diegene wat huisvroue en moeders wil word nie. Dit is 'n edele roeping, maar nie die enigste roeping vir die vrou nie.

Ten slotte versoek ek dus sommige van die PUKmans om nie die PUKasters as meninglose, a-intellektuele, onderdanige, potensiële huisvrouens te beskou nie.

Soms vermoed ek dat hierdie kategorie mans so heftig in teenstand kom teen die professionele vrou omdat hulle besef dat die man se gesagsposisie in gevaar is. Moet nie kleinlik daaroor raak nie. Gee ons eerder rede om ons respek vir julle gesagsposisie te handhaaf.

Baie dankie.

J. Crous (mej.)

# BESTE BYEENKOMS OOIT — REKORDS SPAT



Atlete spring hier weg vir die mans o.19 800 meter. Sarel Lizamore, tweede van regs, het die nommer gewen.



In weerwil van die platteland se dun lug, het Piet Meyer die S.A. rekord vir die 5 000 meter stap net-net misgeloop.



Gert Doorewaard het Andries Krogmann goed in die 5 000 meter vir mans opgekeil. Krogmann het die nommer gewen.

## SUKSES BY DALRYMPLE WAS NIE GELUKSKOOT. 1975 — GROOT JAAR VIR P.U.-ATLETE



Sarel Lizamore van Liberalia wen hier die 800 meter vir mans onder 19.

PAN COETZEE

MANSKLERE
VIR DIE MODEBEWUSTE
STUDENT

Kerkstraat Potchefstroom

WESVALIA BOEKHANDEL

ONS HET NET
WAARNA U SOEK

KOM OORTUIG USELF

Posbus 20060
Tomstraat 84 Tel. 6660
POTCHEFSTROOM

—WP

KOOP-'N-LOOP PADKAFEE

GEKOOKTE KOS — SPESIAAL VOORBEREI
DEUR 'N BOERETANNIE

Ons aantreklike spyskaart bied u aan 'n daaglikse gebalanseerde maaltyd bestaande uit 3 groentes, slaaie, vleis en melk/koffie vir slegs 75c.

OF

VYFTIEN MAALTYDKOEPONS TEEN R10,00
BAIE SITPLEK

—WP

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

*„die Potchefstroomse boekhandel"*

Tomstraat 86 — Tel. 5236 — Potchefstroom

—WP

# SPORT

## Krieket: Theos stel goue rekord op

**DIE THEOS het verlede Saterdag 'n rekord in Wes-Transvaalse klubkrieket opgestel wat nie gou verbeter sal word nie.**

In die proses het hulle feitlik seker gemaak dat hulle die Scorgie-beker herower nadat hulle dit om onverklaarbare redes verlede jaar verloor het. Die 23 punte wat hulle uit die wedstryd teen Stilfontein verdien het is die meeste punte nog verdien in 'n klubwedstryd in die Weste.

GEEN KANS

Die wedstryd teen Stilfontein moes verlede Saterdag voortgesit word nadat die Puk op die eerste Saterdag se spel in 'n onoorwinlike posisie was. Die mynspan het besef dat hulle geen kans het om die wedstryd enigsins te red nie. Hulle het toe maar die punte gegee en dit het die Theos se totaal in die liga opgeskuif na 83.

SUKKEL

Die tweede span het weer gesukkel. Strathvaal het in hul eerste beurt 221/3 verklaar aangeteken. Hierop kon die Leeus in hul twee beurte net antwoord met 77 en 99 lopies onderskeidelik. Danksy hul puik eerste beurt totaal het dit aan Strathvaal die oorwinning besorg met 'n beurt en 45 lopies.

Ter versagting van die Leeus kan aangevoer word dat hulle nou al in hul derde agtereenvolgende wedstryd met 'n nat kolfblad te doen gekry het. Dit is nie maklik om 'n bal te speel terwyl dit reën en die bal kom elke slag met 'n ander streek vorendag nie.

DERBY

Die volgende twee Saterdae word die laaste wedstryde in die liga afgehandel. Die meeste aandag sal seker op die Fanie du Toit-sportterrein gevestig wees want die twee Pukspanne speel dan teen mekaar. Verlede jaar het die tweedes met die eerstes afgereken en alhoewel hulle liederlik uitgesak het in die tweede helfte van die seisoen kan hulle nog vir 'n verrassing sorg. Strathvaal, die ander span wat 'n skrale kans het om die beker te wen moet teen Western Reefs speel.

Die drie voorste spanne in die liga is:

| | |
|---|---|
| P.U. I | 83 |
| Strathvaal | 69 |
| P.U. II | 67 |

## Skuur stap dalk met beker weg

**MôRE word die laaste wedstryde in die koshuiskrieketliga gespeel. Dit is egter te betwyfel of enige van die wedstryde wat gespeel gaan word 'n noemenswaardige invloed op die finale stand van die spanne in die liga gaan hê.**

Skuur sal heelwaarskynlik met hierdie beker wegstap — die eerste in 'n baie lang tyd. Na ses wedstryde het hulle 67 punte. Hulle moet nog een wedstryd speel, die een teen Personeel.

MISVERSTAND

Die wedstryd moes al verlede jaar afgehandel gewees het maar is weens 'n misverstand nooit gespeel nie. Die misverstand het gekom nadat Personeel nie opgedaag het vir die wedstryd nie. Skuur het dus nie gefouteer nie en indien die wedstryd nie gespeel kan word nie sal die manne kan aansoek doen om volle punte uit die wedstryd te kry. Dit sal tot gevolg hê dat hulle die beker sal wen wat verlede jaar die trotse besit van Over de Voor was.

KANS

Nie een van die ander spanne staan werklik 'n kans om te red wat al verlore is nie. Kompleks met 70 punte uit 7 wedstryde kan die kampioene word as die punte nie aan Skuur gegee word nie. Of dit sal gebeur is egter twyfelagtig.

Die jongste stand in die liga is:

| Koshuis | wedstryde | /Punte |
|---|---|---|
| Kompleks | 7 | 70 |
| Skuur | 6 | 67 |
| Dawie Dup | 6 | 58 |
| Over de Voor | 5 | 53 |
| Dorp | 6 | 45 |
| Klooster | 6 | 37 |
| Personeel | 4 | 36 |
| Piet Groblér | 4 | 16 |

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Potchefstroom.*

## DIE NAWEEK SE SPORT

**KRIEKET:**

**PU I vs PU II. Fanie du Toit.**
**Over de Voor vs. Klooster.**
**Piet Grobler vs. Dorp.**
**Personeel vs. Dawie Dup.**

**TENNIS:**

**Voortsetting van PU-kampioenskappe. Fanie du Toit.**

# Atletiek: Verskeie rekords spat op kampioenskappe

## Piet Meyer se aand

**Deur Jan van Vuuren**

**EEN Wes-Transvaalse en verskeie Puk-rekords het in die slag gebly toe die Puk-kampioenskappe verlede Woensdagaand op die Park Ovaal plaasgevind het. Die byeenkoms was uiters geslaag en al die studente wat dit bygewoon het, glo ek, is tevrede huistoe.**

Die hoogtepunt van die aand was ongetwyfeld die vertoning van Piet Meyer. Die 21-jarige stapper het in die 3 000 meter stap vir mans getoon dat hy nie sy gelyke in die land het nie. Verskeie stappers is na die byeenkoms genooi om teen Piet te stap aangesien daar op die Puk nie werklik goeie teenstand is nie.

Op sy eie het Piet egter die afstand in 12 min. 28 sek. afgelê. Dit verbeter nie alleen die Puk rekord nie maar verpletter die Wes-Transvaalse met 26,6 sek. Sy tyd was slegs 5 sek. stadiger as die bestaande S.A. rekord. As die hoogte bo seespieël in ag geneem word sal u verstaan hoekom hierdie vertoning die beste van die aand was.

MASSYN

Pollie Massyn het seker gemaak dat hy na dese as die vinnigste man op die kampus beskou moet word. Alhoewel hy in die junior nommer gehardloop het was sy tye in beide gevalle vinniger as die van die seniors. In die 100 meter het hy met 'n tyd van 10,8 sek. koning gekraai. Dit verbeter die ou rekord met 0,1 sek. In die 200 meter het hy skoon onder sy teenstanders uitgehardloop en in die pragtyd van 21,5 sek. gewen. Dit verbeter die ou rekord met 0,6 sek. Vir die naellope is sulke verbeteringe op ou rekords nogal veelseggend.

RUANDA

Ruanda Jacobs het gesorg dat die vroue nie agter bly nie. In die 100 meter het sy haar eie rekord van 11,7 sek. geëwenaar. In die 200 meter was sy egter op die oorlogspad. Sy het die afstand afgeblits in 24 sek. Dit verbeter haar ou rekord met 0,5 sek.

SPIESGOOI

In die spiesgooi vir mans het Willie Geyer vir nog een van die puik vertonings van die aand gesorg. Nie net het hy die Puk rekord verbeter nie maar die afstand wat hy behaal het was van sodanige aard dat hy gekwalifiseer het vir die S.A. kampioenskappe. Hy het uit die niet gekom en die nommer gewen met 'n gooi van 69,18 meter.

In die 400 meter hekkies het Koos de Wet die ou rekord van Koos Boshoff met 1,2 sek. verbeter. Koos het voorheen aan RAU gestudeer maar nou sy kragte by die Puk ingegooi. In die 800 meter vir mans het hy 'n tweede plek na Gerrie Jacobs ingeneem. In die 400 meter was hy weer tweede en wel in 50,2 sek. Dit is dus 'n veelsydige man hierdie en vir die Puk kan hy nog baie beteken in die toekoms.

Gerrie Jacobs het in die 400 meter vir mans skitterend gehardloop. Hy was eerste verby die wenpaal in 'n tyd van 47,1 sek. Dit verbeter die ou rekord met 1,1 sek. In die 800 meter vir mans was hy ook eerste. Sy tyd in die nommer was 1 min. 51,7 sek. Alhoewel dit nie die rekord van Fanie van Zijl verbeter het nie was dit nogtans 'n pragtige wedloop.

Marie van der Westhuizen was nog een van die atlete wat met twee titels weggestap het aan die einde van die byeenkoms. In die gewigstoot het sy haar eie Puk rekord verbeter na 14,14 meter. In die werpskyf het sy gewen in die afstand van 44,35 meter.

Ann Hayward het ook haar deel bygedra. In die 400 meter vir vroue het sy getoon dat die verwagtinge wat van haar gekoester word nie om dooie neute is nie. Sy het die moordende nommer in 57,1 sek. gewen en haar rekord met 0,6 sek. verbeter.

LIZAMORE

In die 400 meter vir mans o.19 het S. Lizamore gesorg vir 'n tyd van 48,8 sek. Die ou rekord was 49,3 sek. Nog 'n rekord wat in die slag gebly het was in die spiesgooi vir mans o.19. Dit is 'n nuwe item en is gewen deur B. du Preez met 58,78 meter. Die skyfwerp vir mans o.19 was ook 'n nuwe item en hier het Wouter de Vos koning gekraai. Die afstand was 39,08 meter.

Atlete wat nog goed presteer het alhoewel daar nou nie nuwe rekords agter hulle name pryk nie is Denise Swanepoel, Jurina Gunter, Dawie Malan, Stephanie Kotze en Piet Goosen.

OBSKURE REDE

Die enigste wanklank op die byeenkoms was die voorval in die 3 000 meter hindernis vir mans. Jan Lubbe was goed op pad om die bestaande rekord te verbeter toe die beamptes om een of ander obskure rede besluit dat hulle nou moeg is vir die spulletjie en die manne een ronde te min laat hardloop het.

Ek weet dit is al holrug gery maar ek dink werklik die atlete is die belangrikste persoon op 'n byeenkoms en die beamptes moet sorg dat alles aan hulle kant skoon is. Daar moet op byeenkomste omgesien word na die belange van die atlete. Indien die beampte voel hy is werklik belangriker bewys dit in die konferensiesale en nie op die baan nie.

Buiten die een klad glo ek nie kan enigiemand kla nie. Dit was lekker om weer te sien elke nommer word op die vasgestelde tyd afgehandel. Die uitslae het soms te lank gevat om die toeskouers te bereik maar grappe moet seker maar by 'n atletiekbyeenkoms vertel word.



**Murdoch, een van die uitgenooide atlete wat aan die P.U.-Atletiekkampioenskappe deelgeneem het, ruk hom hier weg van die dwarslat. Van die verwagte stryd tussen hom en Danie Malan, wat die paalspringnommer gewen het, het niks gekom nie. Murdoch het eintlik teleurgestel.**

## *Verrassing in tennis*

**Urban Badenhorst**

**DIE Puk-tenniskampioenskappe het verlede naweek begin. Wedstryde in die eerste ronde is alreeds afgehandel.**

Met 'n paar uitsonderings, is al die gekeurde spelers deur na die volgende ronde.

In die mans-enkelspel het Clive Botha, 'n eerstejaar van Klooster, vir 'n groot verrassing gesorg deur die agste gekeurde Louis van Wyk uit te skakel. Saterdag kom hy teen die eerste gekeurde Fanie Campher (ook van Klooster), te staan. Dit behoort een van die beste wedstryde van die toernooi te wees.

In die vroue-enkelspel het Zetta Snyman van Wanda vir 'n groot verrassing gesorg deur Miranda Boshoff uit te skakel.

Die eindrondes van die kampioenskappe word op 22 Maart beslis. Safari Sport en Johan Claassen Broers sal daardie dag ook as borge optree. Daarna vind daar 'n braaivleis by die Perdehoef plaas. Spelers moet 50c hiervoor bydra.

## Advertensie

'n Gawe middeljarige dame wil graag korrespondeer met 'n eerstejaar manstudent, 1,83 m lank met bruin hare en bruin oë en met die voorletters: J.S.C.

Geteken: Sy moeder.

## KARNAVAL . . .

* Vervolg van bladsy 2

dat hulle sommer lief vir haar is. Sy is voorwaar 'n meisie wat aandag sal trek, waar sy ookal gaan of staan.

AKTIEWE PUK

Met die eerste oogopslag het Petro Britz my aan 'n dresdenpoppie laat dink. Nadat ons gesels het, het ek geweet dat sy 'n poppie met murg in haar pype is.

Petro is 'n aktiewe PUK. Sy neem aan alles deel, doen alles en dink altyd aan meer om te doen.

Hierdie doedie was net soos Susan, eers 'n Tukkie. Vandag is die PUK die beste universiteit in Suid-Afrika.

Een keer het haar oë ver verby my getrek en sy het haar kop so effe skuins gehou. Toe het ek geweet dat Petro ook 'n dromer is. By Petro kry alle dinge dieper betekenis en groter waarde.

Petro is ook prakties want sy maak al haar klere self. Sy sê dit is 'n wonderlike voorreg om 'n vrou te wees — daarom moet elke meisie elke dag probeer om werklik 'n meisie te wees.

## AANDAG ALLE STUDENTE

DIE WAPAD IS BEREID OM U PERSOONLIKE ADVERTENSIES TE PLAAS TEEN MINIMALE KOSTE

KONTAK JAN HENNING BY STUDENTERAADSKANTOOR

DANKIE

—WP